

BOEKBESPREKINGS

Woodward, E. L.: History of England, pp. 197. Price: 75 cents, Methuen, London, 1962.

This book by the eminent British historian, E. L. Woodward, is a University Paperbacks edition No. 39 of the series published by Methuen of London. It was first published in 1947 under the same title. The 1962 paperback edition has been revised and in the light of later research, the author has brought about a few small changes in the text.

We might echo the prefatory remark of the author namely that "an attempt to write the history of England in 65,000 words is like trying to pack the crown jewels into a hat-box".

In this wide sweep of English history over a period of approximately 2,000 years from the first landing of Julius Caesar on the British coast in 54 B.C. to the end of the first World War, 1918, we have a stimulating and thoughtful work. It is, if not a comprehensive survey — which it cannot be, then at least an absorbing canvass of England's evolution towards greatness as a nation in the political, social, economic and cultural spheres. Because of the great time-span that he had to cover, the author could easily have been tempted to give a general and therefore outwardly superficial portrayal of British political and institutional growth. Instead, he has with great ability and insight, with perhaps a slight overstress on the social, given us a history of England in which the various aspects of British national life — social, political and cultural — is founded. Each aspect is skilfully interwoven and each one's relation and importance to the other is, without falling into any dogmatic irrelevancies, stressed. Because of the tremendous canvas that the author had to cover, the author of necessity had to generalize and stress the general characteristics of each age and ruler rather than to analyse. The history of England, placed in its world setting, is at the same time seen from the British Isles itself. British colonial expansion is not seen as the outward growth of British political thought and ideas and is as a result understressed. Authorities on British colonial history might therefore disagree with his rather superficial interpretation of the background to the American War of Independence while South African authors might query his supposition that the resentment felt by the Transvaal Boers at the annexation of the Transvaal Republic in 1877 did not lead to open warfare before the British had removed the Zulu "threat". Similarly, I feel, the economic and political influence of Britain's overseas empire on the British people itself, has been underestimated, but then, this book was written in 1947 at a time when the idea of Empire was undergoing some radical changes in Britain itself. The impact of the **French Revolution** and the Napoleonic wars on Britain one feels is dealt with too cursorily in comparison with for instance the attention given to social conditions in pre-Victorian England. Students of the international relations existing between the Great Powers prior to the outbreak of World War I and the reasons for America's entrance into the war as seen by the author, might disagree with the author's interpretation, while his view that a German victory of necessity must have led to German domination of the world might sound like an echo of wartime attitudes. Prognostications of this kind are interesting, but unfortunately diverting; it turns might-have-beens into a nursemaid of history. Students of Elizabethan England or of the age of the so-called "Industrial Revolution" might decry his apparent understatement of the impact that these had on the British way of life and of the extension of British influence beyond the British Isles. But, if it is remembered that the author had a limited space into which to cram this survey covering approximately 2,000 years, then criticism of this kind might be regarded as odious.

During the last decade or two less stress has been laid in our schools on British history as such, excepting naturally British colonial history, than one would wish for, especially if it be remembered that our political institutions and very cultural life have been deeply influenced by that of Britain.

Students and teachers of history would therefore find this little book by an eminent British historian not only of great interest as such, but a handy reference to an understanding of the background to the evolution of our country and its people from the time that the Cape first became part of the farflung overseas possessions of Great Britain. After 1815 especially, British cultural, social and political influences became strongly felt on the South African scene until its influence became dominant during the latter half of the 19th century and first half of the 20th century. It was an influence that no one could escape and which, seen objectively, had enriched the people of our country. This aspect of our development as a nation can not be understood or appreciated without an intimate insight into the history of England such as is now ready to hand in this book by E. L. Woodward.

T. S. van Rooyen.

Bruley, Edouard en Dance, E. H.: Een geskiedenis van Europa? In samewerking met A. Puttemans en 'n woord vooraf deur Th. J. G. Locher. Serie A, deel III van „Europese Aspecten. Een verzameling studies betrekking hebbende op de Europese integratie, uitgeven onder auspiciën van de Raad van Europa”, pp. 92. A. W. Sijthoff, Leiden, 1961.

By die lees van hierdie publikasie het ons gedagtes teruggegaan na J. F. Scott se baanbrekerswerk „The menace of Nationalism in Education” (1926), 'n werk wat sy ontstaan te danke gehad het aan die doelbewuste poging van 'n enkeling om geskiedenisboeke in Frankryk, Duitsland en Engeland te bestudeer met die doel om gevare van oordrewe nasionalisme vir die handhawing van vrede aan te toon en om geskiedenis-handboeke daarvan te suiwer. In sy historiese inleiding tot die bogenoemde werk, skets die Leidse hoogleraar prof. dr. Locher verdere pogings wat aangewend is om leerboeke te ondersoek om grondslae te kan lê vir die totstandkoming van werklik Europese beskouings in die handboeke. Tans beywer die Raad van Europa hom in dié rigting. Die resultate van 'n sestal konferensies is in die bogenoemde publikasie opgeneem. Ons noem van die inhoud: *Vooroordelen in schoolboeken en leerplannen*, die posisie van suidoos- en noordwes-Europa o.m. met betrekking tot die verwaarlosing van die geskiedenis van die Bisantynse ryk, die onduidelikheid van historiese begrippe (Europa, Middeleeue, Humanisme, „gentry”, „Junker”, nasionaliteit e.d.), onbewuste vooroordele, groepsvooroordele, en die Europese gedagte in die geskiedenisonderrig. Agtereenvolgens word verskillende tydperke bespreek en o.m. ook gewys op die moeilik-hede om die geskiedenis van ons eie tyd te beskryf. 'n Ander afdeling handel oor onderwysmetodes en leermiddels. Afsonderlike aandag is verder gegee aan die samestelling van 'n woordeboek vir vakterminologie en die aanbevelings vir onderwysers en skrywers van skoolboeke. Samevattinge van 'n aantal inleidende lesings wat op die konferensies gehou is, is gepubliseer. Die werk munt uit deur sy beknoptheid en is sowel vir studente as dosente ook in ons land onmisbaar, ook waar dit veral nadruk op belangrike aspekte van die metodiek lê.

J. Ploeger.

Verhoog, P.: De ontwikkeling van onze scheepvaart en havens, pp. 112, Wereld-Boogreeks nr. 134, Wereld-Bibliotheek, Amsterdam-Antwerpen.

Die skrywer wat as gevolg van sy seevaarkundige opleiding sowel as sy beroep gedurende 'n groot aantal jare met skeepvaart betrokke was, het die eerste vyf hoofstukke van sy publikasie aan die ontwikkeling van die skeepvaart vanaf die vroegste tye tot die hede gewy. In die sesde hoofstuk behandel hy die Nederlandse hawens.

Vir ons is veral die derde hoofstuk (*Van Columbus tot de Franse Revolusie*) van belang, omdat hy daar allereers die ontdekkingsreise na die Ooste, die ontwikkeling van die Nederlandse oseaanvaart en die V.O.C. en die W.I.C. beskryf. In hoofstuk IV gaan hy verder op die verskillende skeepstipes in. Oosindiëvaarders onder seil was van 500 tot 1,000 ton. De Ruyter se admiraalskip (1665) se afmetings was 163 voet by 43 voet.

In 1863 het die Nederlandse klipper *Noach* die seereis van die Kanaal rondom die Kaap die Goeie Hoop na Java in ruim 65 dae afgelê. Dit was die vinnigste seilreis in die geskiedenis, onderneem met 'n driemaster van 892 ton en 'n bemanning van 27.

Die Nederlandse seilvaart na die Ooste het omstreeks 1870 begin verminder as gevolg van die koms van stoomskepe. Die opening van die Suezkanaal (1869), het steeds minder seilskepe in Tafelbaai laat verskyn.

In verband met die seilvaart om die suidpunt van ons land, wys die skrywer daarop, dat na 1610 die Nederlandse skepe op die uitreis na die Ooste nie meer langs die ooskus van Afrika en Madagaskar geseil het nie, maar nadat hulle verby die Kaap die Goeie Hoop gevaar het, die breedtegraad van 36 of 37 grade S.B. as roete gekies het. In hierdie gebied, later verskuif na 40-44 grade S.B., het die *brave westewinden* (Hendrik Brouwer, 1610) gewaai en bygevolg is hierdie roete in die *seylasorders* van daardie tyd voorgeskryf.

Verhoog se populêr-wetenskaplike werkie munt uit deur 'n lewendige verteltrant en kan veral vir ons hoërskoolbiblioteke aanbeveel word.

J. Ploeger.

Van Zyl, M. C.: Die Koms van die Boere na Zoeloeland in 1884 — Genooies of Indringers? Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, C37, pp. 32. Prys: 35c.

In hierdie kort werkie bespreek mnr. M. C. van Zyl, lektor in Geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika, die vraag of die Boere wat in 1884 in die moeilikhede in Zoeloeland ingegryp het in Dinizulu te hulp gesnel het, op uitnodiging van die Zoeloes self gegaan het en of hulle na Zoeloeland is sonder uitnodiging met die idee om in te gryp in die moeilikhede, om sodoende grondgebied in die hande te kry. Die skrywer het sover moontlik die bestaande bronne — sekondêr asook primêr — krities ondersoek.

Hierdie bevinding baseer hy op omstandigheidsgetuïenis, die gebeurtenisse in Zoeloeland gedurende 1879-1887 en op die dokumentêre getuïenisse self. Daar word dan ook ten regte daarop gewys, dat die ingryping van die Boere in Zoeloeaangeleenthede in 1884, en die dokumentêre en ander getuïenisse wat om hierdie gebeurtenis ontstaan het, gesien moet word teen die agtergrond van die gebeurtenisse en toestande vanaf 1879 wat hierdie Boere-inmenging voorafgegaan het. Dit is dus uiters jammer dat die skrywer nie blyke gee van bewys te wees van die beroepe wat Cetschwayo op die Transvalers gedoen het om by die uitbreek van die Zoeloe-Engelse oorlog en tydens die verloop van die oorlog, in opstand te kom teen die Britse owerheid nie. 'n Verwysing hierna sou die rol wat Cetschwayo en gevolglik ook Dinizulu by die latere onderhandelinge met die Boere ten opsigte van ingryping in Zoeloeland, teen 'n duideliker agtergrond gestel het. Uit dié werk is dit ook duidelik dat die skrywer nie sy bronne

na aanleiding van die Zoeloegebruike en -gewoontes in die opsig getoets het nie. Ofskoon hy die dokumente aan Zoeloe-kant met voorbeeldige deeglikheid ondersoek het, is dit duidelik dat hy die wens van die stamhoof as deurslaggewend beskou het. Hy moes ook nagegaan het in hoeverre die stamhoof se begeertes deur die stam as bindend aanvaar is. 'n Stamhoof wat 'n begeerte uitspreek wat nie volgens stamgebruik „gebind” is nie, se „hande” is nog „vry” om daarna volgens die wense en begeerte van die stam op te tree. Dit verklaar waarskynlik die skynbare „dubbele rol” wat die Zoeloes gespeel het en waarna die skrywer verwys sonder om 'n antwoord daarop te vind. Uit 'n Blanke standpunt (Boer en Brit), kan daar dan soos die skrywer ook doen, gekonkludeer word dat die Boere in 1884 moreel geregverdig was om die grond wat hulle belowe is as beloning vir hulle hulp, te okkupeer, maar die morele standarde waarmee ons as Blankes meet, is anders as dié van die inboorling van veral daardie tyd. In bogemelde opsig is daar ruimte vir verdere navorsing om die houding van die Zoeloes sterker na vore te bring.

Die skrywer gebruik telkens die term *Koning* wanneer hy na Cetschwayo e.a. verwys in plaas van die term opperhoof of stamhoof. Die term *koning* is heeltemal misleidend en anakronisties en kan onder geen omstandighede so gebruik word nie.

In sy geheel kan hierdie werkie vanuit Blanke standpunt gesien en dus afgesien van bogemelde moontlike besware, as 'n metodies, grondige analise van die beskikbare getuiesnis oor die aangeleentheid beskou word. Dit kan terselfdertyd beskou word as 'n mooi voorbeeld van hoe om beskikbare geskrewe bronnemateriaal wat hulle oorsprong by Blankes het, heuristies en hermeneuties te benader. Of dieselfde gevolgtrekking gemaak kan word wanneer die Zoeloestandpunt behandel word, sal daar bes moontlik verskil van opinie bestaan, terwyl die werkie in sy geheel in elk geval as 'n hydrae beskou kan word tot ons bestaande kennis van hierdie besondere aspek van Blank-Zoeloe verhoudinge gedurende die vorige eeu.

T. S. van Rooyen.

Marcham, Frederick George: A Constitutional History of Modern England, 1485 to the Present, pp. 496, Harper and Brothers, New York, 1960.

Dr. F. G. Marcham is Professor of English History at Cornell University in the United States. His book, as he modestly points out in a brief preface, is not intended to make an original contribution to our knowledge of this vast historical field, in which so many distinguished scholars have been and are engaged, but “. . . is written for the beginning student of English constitutional history. My hope is that those who read what I have to say will acquire at least a knowledge of the geography of the subject.” By this Professor Marcham means that he hopes to explain to the student what the principal organs of the English (and later the British) government are and their changing relationships with each other during the last five and three-quarter centuries.

In attempting to do this he has divided the whole period into five parts: the Tudor period, the Stuart period, the eighteenth century, the nineteenth century and the twentieth century. These major parts have been sub-divided into chapters, each of which is concerned with a specific topic, such as The Crown, The Central Administration and the Council, Local Government, The Judicial System and Parliament. These examples have been taken from Part One, the Tudor Period. Like the other four it is introduced with a chapter on the Background to Problems of Government in which Dr. Marcham gives a general outline of the period and sets the scene. Again like the other parts it is closed with a chapter of General Comments in which the writer gives us the benefit of his reflections and opinions.

The volume is rounded off with an adequate index and an excellent bibliography. Apart from a preliminary section headed General Works the latter is sub-divided according to the same scheme as the body of the book. Within each major section the books and articles, most of which have been published during the last thirty years, are marshalled according to type under headings such as General Histories, Works on Constitutional History, Collections of Constitutional Documents and, for the first three periods, Bibliographies.

Dr. Marcham writes with a clarity and precision that resolve some very complex problems and subjects. At times he may be a little given to oversimplification, even shallowness, and there are occasional isolated statements and passages, usually of a generalizing nature, which being actually doubtful, may be questioned. For example, on p. 79 he tells us that in the seventeenth century "The Church of England no longer needed defense against the Church of Rome; hence the Stuart kings, unlike Elizabeth, could not make the state church a patriotic rallying point." Surely the point is that most seventeenth century Englishmen still felt, especially while the Catholics were sweeping all before them in the earlier part of the Thirty Years' War, that it did. Wiser men than the Stuarts might have derived strength from this feeling or fear, instead of exacerbating it.

On p. 138 Dr. Marcham remarks that in the early seventeenth century ". . . Englishmen who wished to change the established pattern of religious life had ecclesiastical government so as to allow Puritans to enter the Church of England." as their principal objective a modification of doctrine, form of worship, and Actually the majority of Puritans were and always had been in the Church of England. It was from within the Church that they resisted Laud's Arminian innovations.

Describing the events of 1641 (p. 150) Dr. Marcham mentions how Parliament's leaders ". . . knew that informed public opinion supported them." This is the sort of distortion that is difficult to avoid when one strives for simplicity. During 1641 public opinion really became increasingly divided between the King and a Parliament which was itself becoming less united as some of its members became less sure of their goal.

On p. 155 it is explained that "Parliament legally and formally restored the monarchy in 1660 . . ." It would have been more correct to say that the King was invited to return and rule his country, for the actual monarchy had not ceased to exist in 1649. Charles II had been King from the moment of his father's death, something which both houses themselves stressed in the proclamation they issued following their reception of the Declaration of Breda, in which document Charles II himself refers to 1660 as ". . . the twelfth year of our reign."

But to continue like this is pointless, such lapses are perhaps inevitable when an attempt is made to present a large and complicated subject within a relatively confined compass and as simply as possible; we are more than compensated by excellent and pithy explanations which, skilfully worked into the text, sum up and illuminate the argument up to whatever stage has been reached.

Dr. Marcham's use of the topic system arouses some misgiving. There is the fear that the overall picture, in which a high degree of complexity plays a very real part, may be lost. But it should be born in mind that this is an explanatory textbook for beginners, not a conventional history, and that Dr. Marcham, besides being steeped in his subject, is obviously a skilled teacher. Repetition is skilfully avoided and the student is given a better understanding of the essentials of the various aspects of the subject than he might gain were he to attempt a chronological account at the start. Apart from this Dr. Marcham does much to bring the threads together in the General

Comments. These contain some very wise and valuable observations and generalizations indeed.

While adequate attention is paid to various other factors, such as religion and economics, which affected constitutional developments, the book is definitely weak in that the vast majority of references to the documents are to one particular collection: *Sources of English Constitutional History* compiled by Carl Stephenson and Dr. Marcham himself. If the student is not fortunate enough to possess this particular volume he will find it that much more difficult to make those frequent references to the major sources which should form a part of any purposeful study of constitutional history. Apart from this shortcoming the book is one which may be recommended as an ample and satisfactory introduction to a subject whose difficulty is matched by its interest.

A Harington.

Bauer, Gerhard: „Geschichtlichkeit“ Wege und Irrwege eines Begriffs, Walter de Gruyter Berlyn, pp. 208, 1963.

Hierdie werk behoort tot die terrein van die geskiedenisfilosofie. Dit behandel die geskiedenis van die begrip „Geschichtlichkeit“ wat so tipies Duits is, dat dit moeilik in 'n ander taal weergegee kan word. In Afrikaans sal ons met „historisiteit“ die naaste daaraan kom. Dit is dan ook 'n studie wat die Duitse literatuur tot veld van ondersoek het, met uitsondering van 'n paar filosowe soos Croce, Ortega y Gasset, Berdjajef, Huizinga, Collingwood en Carlo Antoni, wat almal aan die diskussie rondom dié woord deelgeneem het.

Die skrywer gaan histories na wanneer die woord „historisiteit“ vir die eerste maal sy intrede gedoen het en wat alles met verloop van tyd daaronder verstaan is. Die boek is 'n geskiedenis van 'n begrip wat die historikus ook sal interesseer. Die skrywer behandel literatuur (18 vol bladsye titels) vanaf Hegel (in wie se werk die begrip vir die eerste keer voorkom) tot op die huidige dag. Daarin toon hy aan hoe die begrip gevorm is, ontplooi en verander het. Onder sy literatuur val gebiede soos filosofie, geskiedenis, antropologie, geesteswetenskappe, sosiologie, ekonomie, teologie en psigologie.

Nadat die skrywer die voorgeskiedenis van die begrip geskets het, laat hy die klem val op die belangrikste deel van sy werk, nl. hoe dit aangewend is by Wilhelm Dilthey en graaf Paul von Yorck. By hulle is die begrip die duidelikste omskryf. Ons dink bv. aan hulle uitsprake oor die „historisiteit“ van die menslike bestaan, of dat die mens 'n „historiese wese“ is, ens. Daarna toon die skrywer aan hoe die begrip sedertdien verryk of vereng is deur talle skrywers wat onder die invloed van bogenoemde twee skrywers gekom het. Bekende name is bv. Husserl, Scheler, Plessner, Bollnow, Litt, Freyer, Simmel, Lessing, Burckhardt, Spengler, ens. 'n Aparte hoofstuk word gewy aan die radikalisering van die begrip in die Eksistensialisme (Heidegger, Jaspers, Rothacker ens.) en die Nasionaal-Sosiolisme.

Daarna behandel die skrywer die na-Oorlogse tyd waarin nie meer van 'n geskiedenis van die begrip sprake is nie; eerder handel dit oor die diskussie wat nog daarrondom aan die gang is en hoe dit reeds tot groter presisering gelei het. Ook word op enkele natuurwetenskaplike parallelle gewys. 'n Bioloog soos R. Ehrenberg en 'n natuurwetenskaplike soos C. F. von Weizsäcker het reeds aangetoon dat alle lewe (n'e net die menslike nie) en die hele natuur self histories is.

Die woord „historisiteit“ is eintlik nie in die gewone omgangstaal bekend nie; dit is 'n begrip van die moderne filosofiese en antropologiese diskussie. Dit is 'n jong woord waaromheen die diskussie nog onafgesluit is en derhalwe is dit nog baie aktueel.

Ons lewe in 'n wêreld waarin groot *veranderinge* plaasgevind het, belewe dus „historiese” omwentelinge of gebeurtenisse wat ons lewe daaglik raak. Die „historisiteit” van die menslike lewe word algemeen aanvaar. Die wese hiervan is sekerlik *verandering*. Verskillende skrywers het ook terme soos die volgende daaraan gekoppel: verganklikheid, tydelikheid, onvoltooibaarheid, onafheid, oopheid, toekomstigheid, gebeurlikheid, lewendigheid, gemeenskaplikheid, aktiwiteit, doelbewussyn, beperktheid, onvryheid, fataliteit, tradisie, kontinuiteit, ens. Die historikus wat filosofiese belangstelling openbaar, sal heelwat uit hierdie boek put.

F. A. van Jaarsveld,

Pott, P. H.: Naar wijder horizon. Kaleidoscoop op ons beeld van de buitewereld. Mouton & Co., 's Gravenhage, 1962, 216 bl., met afb.

Binne die bestek van die beskikbare ruimte is dit feitlik onmoontlik om reg te laat geskied aan 'n waarlik monumentale werk wat van uitsonderlike belang is, nie alleen vir die geskiedkundige nie, maar ook vir die volkekundige en hulle wat belang stel in die boek in die loop van die eeue. En waar, in die koloniale tydperk in ons geskiedenis noue bande tussen Nederland en ons land bestaan het, is dit ook vir ons van besondere belang. Dit geld ook waar dit die steeds voorts krydende veranderinge in ons eie wêrelddeel betref.

Die skrywer gaan diep in op die beeldvorming deur die vreemdeling ten opsigte van lande en volke soos dit in die loop van die eeue gegroei en aanhoudend verander het. Hy het hierdie veld veral aan die hand van en met betrekking tot gewens van Nederlandse oorsprong en in Nederlandse besit bestudeer, ofskoon hy ander bronne nie verwaarloos het nie.

Reisbeskrywings en voorwerpe en veral boekillustrasies is gebruik om die geskrewe woord uitvoerig en op meesterlike wyse toe te lig.

Onderskeidingsvermoë en 'n bepaalde graad van ontwikkeling is noodsaaklike voorwaardes vir 'n lesenswaardige reisbeskrywing. Daarby moet aanpassing by die peil van die lesers en die oorbrugging van die onbekende na die bekende ook in aanmerking geneem word. Bepaalde vooroordele en, aan die ander kant, die inlewing in vreemde omstandighede doen afbreuk aan beskrywings of verhoog die waarde daarvan. En dan kom die byna bomenslike taak van die tekenaar in die ou dae om dergelike werke van passende afbeeldings te voorsien, veral wanneer hy nie oor voorbeelde uit eie aanskouing beskik het nie.

Met betrekking tot die ouer Nederlandse werke prys die skrywer *Willem Bosman* met betrekking tot *Wes-Afrika* en swaai hy lof toe aan die afbeeldings wat in *Kolbe* se bekende werk oor die *Kaap die Goeie Hoop* (1727) voorkom. Hy wys daarop dat die afbeeldings van Hottentotte in *Kolbe* se werk meer as 'n eeu later in 'n sterk vertekende vorm deur *Dumont d'Urville* (1847) gebruik is om nog weer later in 'n Nederlandse uitgawe van *Jules Verne* se werk te verskyn. Ten slotte het daar niks mensliks in dié afbeeldings oorgebly nie.

Vooroordele het o.m. aan die lig gekom in beskrywings oor Islamitiese vorste met betrekking tot wreedhede. Dan het die fantasie tot bewuste of onbewuste vertekening van lande en volke gelei (o.m. *Sjina*).

In verband met *ds. Valentijn* se *Oud en Nieuw Oost Indië* (1724-1726) merk die skrywer op dat hierdie skrywer, sowel as *ds. Baldaeus*, dikwels van plagiaat beskuldig is. Hy voer andersyds aan dat een van die take van die toenmalige predikante ook dié van nuusbesorgers en voorligters was, 'n taak wat vandag op die skouers van die joernaliste rus. Een van die bekendste voorbeelde van opsetlike vervalsing is *Psalmazaar* se gefantaseerde beskrywing van *Formosa*.

Versamel en dokumenteer is 'n kenmerk van die negentiende eeu en op dié wyse kon die beeld van die buitewêreld gekonsolideer word. *Prof. Reinwardt* en die skilders *Bik* en *Payen* het in dié opsig verdienstelike werk in Oos-Indië verrig. Tydens die daaraan voorafgaande Britse tussenbestuur het *Raffles* voortgebou op die werk van *N. Engelhard. Von Siebold* se Japanse versameling het tot die oprigting van die *eerste etnografiese museum van Europa in Leiden* (1837) gelei, op die Amsterdamse wêreldtentoonstelling van 1883 is nie-blankes uit Oos- en Wes-Indië met 'n aantal woonhuise en gebruiksvorwerpe tentoongestel (bl. 130).

Die verhale van Karl May en oor die binnelande van Afrika was dikwels verantwoordelik vir wanvoorstellings, maar geleidelik het die beeldsuiwerheid meer en meer veld begin wen, ookal as gevolg van nouere aanraking. Wat egter geruime tyd bly ontbreek het was, o.m. in verband met versamelings in museums, die begripsvermoë om voorwerpe wat o.m. deur handelaars na Europa vervoer is, in hulle regte verband te kan plaas. Eers in ons dae sou dit tot 'n werklike poging kom om die beeld van die buitewêreld te wil verstaan en te deurleef.

Die skrywer toon ook aan dat daar tans, veral met betrekking tot die moderne kuns, sterk sprake is van beïnvloeding deur beeldhouwerke wat van Afrika afkomstig is. Met betrekking tot die beeldvorming van die vreemde in ons eie tyd kan sowel die rolprent as die beeldradio gunstig of ongunstig inwerk.

Die skrywer kom tot die gevolgtrekking dat, indien die mens daarin kan slaag om te beseft dat sy beeld van die wêreld deur allerhande faktore beïnvloed word wat dit vir hom moeilik maak om die werklikheid te sien, dan geleidelik die miswolke sal opklaar en sy horison sal verbreed. Dan sal hy in staat gestel word om met meer sekerheid en vertroue sy koers in die wêreld te bepaal. Hy sal dan, met handhawing van sy eie lewenspatroon, die mens uit die vreemde wêreld op 'n eerliker wyse kan ontmoet omdat hy die lewenspatroon van daardie ander mens beter sal verstaan en waardeer. In die loop van die eeue is, soos hy oorduidelik aangetoon het, reeds groot struikelblokke op dié gebied verwyder.

Van 'n besonder belangrike publikasie is slegs hier en daar 'n aantal aspekte genoem. Slegs deur hierdie monumentale werk self te lees kan die belangstellende 'n indruk verkry wat in werklikheid die groot verdienstes van *Naar wijder horizon* volkome reg kan laat geskied.

J. Ploeger.

Mees, W. G.: Lamoraal van Egmond, pp. 293, Van goreum's Historische Bibliotheek nr. 70, Assen, 1963.

In die tweede helfte van Mei 1568 het, in 'n uithoek van die uitgestrekte ryk van koning Filips II, die Spaanse troepe in die gedenkwaardige slag van Heiligerlee hul eerste neerlaag gely teen dié Nederlanders wat hulle kragdadig verset het teen die Spaanse beleid van staatkundige sentralisasie en kerklike eenheid wat sedert 'n aantal jare gekenmerk was deur skending van regte op staatkundige gebied en onderdrukking van die ontluikende Protestantisme in sy verskillende uitingsvorms.

Aan die begin van Junie van dieselfde jaar is op bevel van die Spaanse owerheid twee vooraanstaande verteenwoordigers van die Nederlandse adel, die grawe van Egmond en Hoorne op die beroemde markplein in Brussel, die toenmalige hoofstad van die Nederlande, onthoof. Daarna het die Spaanse troepe onder bevel van die Hertog van Alva noordwaarts getrek om hul teenstanders by Jemgum, aan die Eems, te verslaan. Hierdie oorwinning met die wapens het geensins die einde van die verset in die Nederlande beteken nie. 'n Tagtigjarige stryd sou voortwoed, 'n stryd wat uiteindelik deur die Nederlanders gewen is.

Lamoraal, graaf van Egmond, prins van Gavere, verteenwoordiger van 'n ou Noordnederlandse geslag, raadsheer en kamerheer van Keiser Karel V, ridder van die Orde van die Gulde Vlies, oorwinnaar van St. Quentin en Grevelingen, stadhouer van Vlaandere en Artois en militêre opperbevelhebber van Vlaandere, sal altyd bekend bly as een van die vooraanstaande figure van die tydperk wat aan die gewapende verset voorafgegaan het, as 'n medestryder van sy ampsgenoot Prins Willem van Oranje, die toenmalige stadhouer van Holland, Seeland, Wes-Friesland en Utrecht.

Die skrywer het in sy werk op oortuigende wyse aangetoon dat Egmond van die begin af die stryd aangebind het teen die skending van die ou bestaande vryhede van die Nederlande op staatkundige gebied, dat hy op godsdienstige gebied die Katolieke geloof getrou gebly het maar die Inkwisisie doelbewus verwerp het as gevolg van sy verdraagsaamheid op die gebied van geloofsaangeleenthede. Ten spyte van sy verset het Egmond die koninklike gesag bly ondersteun om aan die einde van sy lewe 'n slagoffer te word van sy misplaaste vertroue in die owerheid. 'n Onbevoegde hof kon geen bewyse van verraad lewer nie, regskundige verdedigers is aan Egmond ontsê, die reg is verkrag! Nieteenstaande hierdie feite het die Hertog van Alba een van die verdienstelikste Nederlanders se doodvonnis onderteken, 'n doodvonnis waarin verraad aan Owerheid en Kerk vermeld is sonder dat daarvoor ooit afdoende bewys gelewer is.

Die naam van Egmond het in die Suidelike Nederlande bly voortleef as handhawer van die bestaande privileges. In die Noordelike Nederlande is sy naam en faam oorskadu deur dié van Prins Willem van Oranje. Waar Lamoraal, graaf van Egmond, slagoffer geword het van sy misplaaste vertroue in die owerheid daar het Prins Willem van Oranje tekens van die tyd beter verstaan en betyds uitgewyk om daarna as 'n teenstander van die Spaanse bewind en willekeur weer sy verskyning in die strydperk te maak.

Egmond is verewig deur Goethe, Schiller en Beethoven, deur monumente in Brussel en Zottegem. In die Noordelike Nederlande het sy naam veral bly voortleef as inpolderaar en bedyker en leef die naam van sy gade in Oud-Beierland voort waar eers in 1961 'n tweetal beelde tot die nagedagtenis van hom en sy gade onthul is, nadat voor die Tweede Wêreldoorlog in die kerk van Oud-Beierland gedenkvensters aangebring is.

Ons is op grond van laasgenoemde vermeldings dan ook van oordeel dat die werk van Mees dan ook allereers, met betrekking tot die lesers in Nederland, beskou moet word as 'n uitermate geslaagde poging om Egmond die plek te gee wat hom in die geskiedenis toekom. Vir die lesers in die Vlaamssprekende gedeelte van België is *Lamoraal van Egmond* die kroon op die hernude belangstelling soos dit o.m. uit die publikasies van C. de Rouck en dr. P. B. Troever blyk. Dit herinner Nederlanders en Vlaminge aan die verenigde Nederlande van weleer en ons in Suid-Afrika aan die bewoë tydperk wat voorafgegaan het aan die vestiging van die blywende nedersetting aan die Suidpunt van ons land deur draers van dié gedagtes wat deur stryd verwerf en geheilig is.

J. Ploeger.

Bruckner, Karl: Die Goue Farao, pp. 152, met 6 illustrasies; R1-35, Human en Rousseau, Kaapstad, 1962.

Met hierdie werkie probeer Bruckner om in drie afdelings 'n skets te gee van die geskiedenis van die oudheidkunde, maar meer in besonder van die opgrawings in Egipte tot en met die hoogtepunt wat dit bereik het in die vroeëre twintiger jare van hierdie eeu. Dit is die verhaal van die graf van die jong Egiptiese koning, Toetankamen, wat

blykbaar kort na sy ter aarde bestelling die prooi van grafrowers geword het — 'n algemene verskynsel in daardie tyd.

Die eerste deel begin dan ook met die grafplundering en wat vir elke jong leser baie interessant behoort te wees, is die uitbeelding van die rol wat godsdiens in die alledaagse lewe van die Egiptenare gespeel het. Die tweede deel beskryf die ontdekking van die bekende Rosetta-steen gedurende Napoleon se Egiptiese veldtog. Hierna word die leser verplaas na Europa waar etlike Egiptoloë poog om die hiërogliewe te ontsyfer. Noodwendig val die lig op die Franse genie, Champollion, wat op 'n geniale wyse die Rosetta-steen as sleutel gebruik het om die hiërogliewe te lees. Nou volg ander persone, soos o.a. die sterk sirkusman, Belzoni, se avontuur wat op die eerste ontdekking van 'n piramide se geheime ingang uitloop. Ook andere volg en die vallei van die konings word omgedolwe tot aan die begin van ons eeu, toe verskeie argeoloë die mening toegedaan was dat alles wat opgegrawe kon word, reeds ontdek was.

Daar was egter een persoon nl. H. Carter, wat 'n ander mening toegedaan was en wat deur middel van Lord Carnarvon se geldelike en morele steun, verdere opgrawings op tou gesit het. Na 'n soektog van ongeveer vyftien jaar, het Carter daarin geslaag om die byna ongeskonde graf van Toetankamen te ontdek en lewer hy sodoende 'n belangrike bydrae tot die kennis van die wêreld.

Die werk is geen wetenskaplike verhandeling nie, maar bloot 'n kort oorsig van die geskiedenis van die oudheidkunde in 'n populêre vorm. Juis omdat dit maklik lees en heelwat fantasiebeskrywings besit, is dit 'n handige werk vir baie onderwysers en kan dit met vrug deur die gemiddelde hoërskoolleerling gelees word. In die opsig wek dit belangstelling vir meer gespesialiseerde werke, juis op 'n terrein waaroor nie veel literatuur in Afrikaans bestaan nie. Die illustrasies is in swart en wit met hoogs interessante sketse. 'n Afbeelding van Toetankamen se goue kiskeddel kon veel daartoe bygedra het om die oningewyde leser 'n besef te gee van Carter se waardevolle ontdekking en die kunstenaarsvernuf van eeue gelede. Nietemin is dit 'n lesenswaardige werk en 'n besliste aanwinst vir elke skoolbiblioteek.

J. L. Hattingh.

Geyl, prof. dr. P.: Geskiedenis van de Nederlandse Stam, dele V (1751-1792) en VI (1792-1798), Wereldbibliotheek, Amsterdam-Antwerpen, 1962.

Bogenoemde dele vorm die laaste dele in 'n slapbanduitgawe van die bekende werk van die Nederlandse oud-hoogleraar wat sedert jare in sy werke die eenheid van die Nederlande (vandag Nederland en België) beklemtoon het en sy spyt daarvoor uitgedruk het dat hierdie historiese eenheid as gevolg van verskillende gebeurtenisse verbreek is, allereers waar dit die staatkundige betref. Soos die jaartalle aandui word in die genoemde dele die lotgevalle van die kwynende en steeds swakker wordende Nederlandse Republiek en dié van die deur Oostenryk bestuurde Suidelike Nederlande (die hedendaagse België) beskryf. Na die ondergang van eersgenoemde het die Bataafse Republiek verrys, terwyl laasgenoemde gebied op 1.10.1795 deur Frankryk ingelyf is. Voor hierdie gebeurtenisse plaasgevind het, het politieke onmag en verdeeldheid en algehele afhanklikheid van groot moondhede (Engeland, Duitsland) die toon aangegee. Later was dit Frankryk.

Vir ons eie geskiedenis is die ideale en strewe van die Patriottewebeweging in die Nederlandse Republiek van groot belang. Tog tref ons hier 'n gemis. By die behandeling van die V.O.C. is geen aandag aan die gebeure en die politieke stromings aan die Kaap gegee nie. In prof. Ceyl se werk kom ons ook die bekende J. A. de Mist teen. Van belang vir die nuwe koers wat onder Franse invloed in die Bataafse Republiek ingeslaan is, is die latere deurwerking daarvan in ons eie geskiedenis soos dit o.m. in

De Mist se „Memorandum” sterk tot uiting gekom het. Belangrike vergelykingsmateriaal met die Patriottebeweging lewer die Brabantse Rewolusie in die Oostenrykse Nederlande op. Onnoemlik veel is deur die skrywer aangehaal en verwerk om sy beskrywing volledig te maak. Tog sou ons in 'n komende herdruk graag iets meer oor ons eie geskiedenis wil lees, nie alleen vir belangstellende lesers in ons land nie, maar ook om lesers in Nederland iets meer mee te deel aangaande die stryd tussen Patriotte en Prinsgesindes aan die Kaap waaromtrent dr. C. Beyers se nog altyd gesaghebbende studie ruimskoots voldoende gegewens verstrek wat ook van belang is vir die belangstellende leek en student in Nederland.

J. Ploeger.